Verwysing: 20191015-469
Lêernommer: 13/1/1/2
Navrae: C Klopper

Assesseringsbestuurminuut: 0017/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Beëindiging van toelating tot die Meervoudige Eksamengeleentheid (MEG) met ingang van 2020

1. Die Raad van Onderwysministers (ROM) het in 2015 die beleidswysiging goedgekeur wat leerders wat bevorder is en wie nie die graad 12-kurrikulum kon hanteer nie, toegelaat het om die meervoudige eksamengeleentheid (MEG) te kies.

2. Dit het dus leerders wat bevorder is in graad 12 die geleentheid gebied om hulle vakke in twee eksamensessies te skryf, d.w.s. die Oktober/November Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen en die daaropvolgende Mei-/Junie-eksamen.

3. Die ROM het nou die **beëindiging** van die beleid oor toelating tot die MEG goedgekeur en dit sal met ingang van 2020 in werking tree.

4. Die beleid oor MEG sal dus vir die laaste keer in die 2019 Oktober/November NSS-eksamen geïmplementeer word.

5. Kandidate wat die MEG-opsie in die 2019 Oktober-/November-eksamen gekies het, sal hulle oorblywende vakke in 2020 tydens die Mei-/Junie-eksamen skryf.

6. Kandidate wat registreer om die 2020 Oktober/November NSS-eksamen te skryf, sal nie toegelaat word om die MEG-opsie te kies nie.

7. Bring asseblief hierdie inligting onder die aandag van alle graad 10– tot 12-leerders, onderwysers en ouers.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2019-11-13